# MELISSA BOTMA

## 2 KORINTIËRS 3 : 12 - 17 DB

“Omdat ek weet dat ek ook deel is van die splinternuwe era van die Heilige Gees, die era wat vir altyd sal aanhou, kry niks my onder nie. Gelukkig hoef ek nie soos Moses ’n sluier oor my gesig te trek nie. Julle onthou mos dat hy ’n sluier oor sy gesig gesit het sodat die Israeliete nie kon sien hoe die glans op sy gesig verdwyn nadat hy die wet ontvang het nie. Maar hulle was blind vir dit wat God doen. Tot vandag toe gaan dit so met hulle. Wanneer die Israeliete na die wet van Moses luister daar waar hulle bymekaarkom om God te dien, begryp hulle steeds nie waaroor dit gaan nie. Daar hang nou nog ’n sluier oor hulle gesig. Net Christus kan dit wegvat. Dit is tragies dat die Israeliete tot vandag toe na die wet van Moses luister sonder dat hulle regtig God se werk verstaan. Ek sê weer: wanneer hulle hulle tot die Here bekeer, word hierdie sluier voor hulle gesig weggevat. Dán begryp hulle wie die Here regtig is. Die Here is Gees. Hy is ’n lewende werklikheid, en nie maar net Iemand wie se Naam in ’n wetboek geskryf staan nie. Oral waar die Gees van die Here aan die werk is, word mense regtig vrygemaak. Almal wat glo, is nou vry. Ons kan die Here se heerlikheid weerkaats sonder dat daar sluiers oor ons gesigte hang. Hoe meer ons die Here se grootheid raaksien, hoe meer word ons lewe verander om sy ongelooflike heerlikheid te weerkaats. Dis natuurlik die Here self, Hy wat Gees is, wat ons verander om al hoe meer te lyk en te leef soos Hy dit wil hê.”

## 1.AANSKOU

Ons almal met onbedekte gesig, aanskouend soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here. V18

## 2.ERKEN

## 3.VERTROU

Johannes 3:8 “Die wind waai waar hy wil. Jy hoor die geluid daarvan, maar jy weet nie waar dit vandaan kom of waarheen dit gaan nie. So is dit met elkeen wat uit die Gees gebore is."

Ek word ‘n dader van die Woord deur...

